SLINGERVEL

Mei 2019

Christelike maandblad vir die jeug

SLINGERVEL, JAARGANG 60
Nommer 1008, Mei 2019

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ´n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- of ´n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- of ´n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

Lees meer oor die vermeerdering van die brode en visse op bl. 12

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 Jakobus 3 – Blokkiesraaisel
10 Jakobus 3 – Woordsoek
10-11 – 13-15: Teologiese Skool
11 Feeste in die Ou Testament – 5
12 Tydlyn van die Nuwe Testament – 5
15 Inkleurprent
16 Oplossings: Blokkiesraaisel en Woordsoek
Oplossings: Teologiese Skool Woordsoeke
17 Wat kan ek lees?
20 Op hierdie dag in Mei

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Abraham Krüger

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R319,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R115, 00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 60,
Nommer 1008
Mei 2019

ISSN 0037 685 X

Redakteursbrief



Maats

Ek hoop regtig Pa of Ma het uit Die Kerkblad vir julle gelees oor die Teologiese Skool wat hierdie jaar 150 jaar oud is.

Nou wat is 'n Teologiese Skool?

Twee woorde. Teologie en skool. Skool is maklik – daar leer 'n mens. Teologie kom uit die Grieks en bestaan ook uit twee woorde: *Theos* en *Logos*. *Theos* is die Griekse woord vir "God". *Logos* beteken "woord". As ons die twee woorde aanmekaar las, val daar lettertjies uit om die uitspraak makliker te maak, en ons kry die woord "Teologie".

Teologiese Skool beteken dan die plek waar mense leer van God.

Ons moet almal leer van God, maar ons het mense nodig wat diep studeer in die Woord van God sodat hulle aan ons kan leer hoe ons God reg moet ken en dien.

In 1869 was ons kerk maar 10 jaar oud. Omdat die gemeentes, en veral die ouderlinge, baie gesteld was dat die Woord van die Here suiwer verkondig het, het hulle besluit om predikante wat goed geleerd is, te gebruik om predikante op te lei. Hulle het begin in Burgersdorp, en later geskuif na Potchefstroom, waar die Teologiese Skool steeds is.

Wat leer die dominee? Ek gaan vir julle in hierdie uitgawe op verskillende plekke skryf wat hulle alles leer. In elke blokkie het ek van die woorde *kursief* getik – soek hulle in die Woordsoek langsaan. Kyk van bladsy 10 af. Die oplossings van die Woordsoeke is op bladsy 16.

Elke keer as jou dominee op die preekstoel klim, met elke katkisasieklas en elke huisbesoek moet jy weet dat die Here hom geroep het om die werk te doen. Hy het ten minste ses jaar gestudeer om te begin werk. Elke preek wat hy lewer, het elke week ure se werk en studie nodig.

Nou ja! Hier is nou vir julle iets om aan te dink: die dominee het ses jaar gestudeer. In die ses jaar moes jy eet, betaal vir studie (wat baie meer is as jou skoolgeld), êrens bly en baie duur boeke koop. As julle weer hoor daar is kollekte vir die Studentekas of die Teologiese Skool – vra vir Mamma en Pappa 'n ekstra geldjie om in te gooi. Dan weet ons dat die dominee wat ons volgende gaan kry, goed studeer het!

Groete tot volgende keer! SV

Jakobus 3 – blokkiesraaisel

Maats

Ons gaan voort met die blokkiesraaisel oor die boek Jakobus. In hierdie uitgawe gaan dit oor hoofstuk 3. Skryf jou antwoorde in op die lyntjie langs die leidraad – jy het dit nodig vir die Woordsoek! Die oplossing is op bl. 16.



Dwars

4 Dit moet almal nie wil wees nie _____

5 Leermeester word so beoordeel _____

6 Dit doen ons in alle opsigte _____

9 As jy nooit struikel nie, is jy só _____

10 Jy sit dit in die perd se bek om hom te stuur _____

13 Hiermee word skepe gestuur al is die winde sterk _____

16 Hy bepaal waarheen die skip moet vaar _____

17 Hierdie liggaamdeeltjie het groot mag _____

18 'n Klein vuurtjie kan hom aan die brand steek _____

20 Die tong kan dit met die hele mens doen _____

22 Die begin van die lewe _____

27 Die einde van die lewe _____

28 Alles wat dit doen, word deur die mens getem _____

29 Alles wat dit doen, word deur die mens getem _____

31 Alles wat dit doen, word deur die mens getem _____

32 Dit kan die mens nie met die tong doen nie _____

Af

1 Die tong is vol van hierdie gif _____

2 Met die tong loof ons Hom _____

3 Ons doen dit met die tong - al loof ons ook met hom _____

7 Hy kan nie vars en brak water voortbring nie _____

8 Hy kan nie olywe dra nie _____

9 Hy kan nie vye dra nie _____

11 Hierdie fontein kan nie vars water gee nie _____

12 Is daar sulke mense onder julle _____

14 Is daar sulke mense onder julle _____

15 Dit mag nie in julle harte wees nie _____

19 Selfsugtige wysheid het hierdie eienskap _____

21 Die gevolg van Naywer en selfsug _____

23 Dit het wysheid wat van God kom, nie _____

24 Dit is die wysheid wat van Bo kom _____

25 Dit is die wysheid wat van Bo kom _____

26 Dit is die wysheid wat van Bo kom _____

29 Dit is die wysheid wat van Bo kom _____

30 Maak dit met die wysheid wat van God kom _____

Jakobus 3 – Woordsoek

Maats
Gebruik nou die antwoorde op bladsy 9 in die Woordsoek hierlangsaan. Onthou: antwoorde is van links na regs, regs na links, bo na onder, onder na bo, en sommer skuins in alle rigtings! Die oplossing is op bl. 16.

W	I	E	K	I	L	E	D	O	D	K	A	R	B
E	E	K	O	T	S	E	W	I	U	R	D	U	K
P	I	U	R	K	T	E	M	S	E	B	K	U	G
E	S	G	N	I	L	E	O	D	E	B	Y	B	I
S	E	I	N	O	M	E	D	R	E	D	A	V	D
E	G	I	D	N	A	T	S	R	E	V	E	M	Y
S	K	A	A	M	L	O	V	O	M	M	T	E	T
Y	R	M	S	G	L	R	T	A	B	E	R	I	R
W	E	E	P	F	E	E	A	O	K	W	O	J	A
N	R	T	T	D	O	S	K	I	N	S	O	T	P
A	E	V	E	S	G	N	L	I	T	G	B	R	N
E	T	V	Y	A	E	K	T	U	U	L	E	E	O
D	T	G	D	E	I	E	U	E	S	R	G	O	K
R	I	E	E	K	B	R	M	T	I	I	T	R	G
O	B	W	S	R	M	O	A	R	D	N	P	S	L
N	D	N	F	A	P	N	O	P	E	O	B	O	L
A	I	W	N	M	G	O	H	M	K	E	O	L	V
W	E	R	E	G	N	E	R	T	S	P	L	D	O

Teologiese skool: STUDENT

'n Teologiese *student* word deur die Here *geroep* om predikant te word. Die Heilige *Gees* werk in Hom en hy WEET dit is wat hy moet doen. Hy moet *hard* leer op skool om goeie *punte* te kry, want dis 'n moeilike *studie*!

1

D	N	E	T	N	U	P	P	B	K
R	S	T	N	E	D	U	T	S	G
A	E	T	P	E	O	R	E	G	V
H	E	L	P	E	I	D	U	T	S
P	G	L	O	O	K	S	D	H	Y

Tydlyn van die Nuwe Testament

• Jesus se derde bedieningsjaar •

Maats

Jesus se derde bedieningsjaar was besig! Twee dinge het baie duidelik geword: Jesus gaan sterf, en Hy berei sy dissipels voor om ná sy hemelvaart sy werk voort te sit.

Ons begin hierdie bedieningsjaar met Jesus wat die 5000 voed met vyf brode en twee vissies. Weet julle dat dit die enigste wonderwerk is wat Jesus gedoen het wat in al vier Evangelies opgeskryf is?

As ons Johannes 6 lees, sien ons dat hierdie wonderwerk 'n baie diep betekenis het: Jesus begin deur duisende mense kos te gee. Die volgende dag is hulle weer daar – seker gedink hulle gaan weer gratis kos kry! Jesus het egter ander planne: Hy wil dat hulle nie net aan hulle mae dink nie, maar ook aan hulle siele. Hy gebruik die beeld van die brood om te sê dat 'n mens brood eet as jy honger is, maar dat die siel ook kos nodig het. Hy sê iets wat hulle nie verstaan nie: Hy is die brood van die lewe! Hulle moet Hom eet! Dit verstaan hulle nie – mens kan mos nie 'n ander mens eet nie!

Ons, en hulle, moet dit so verstaan: As mens brood geëet het, word die brood deel van jou liggaam. Dit gee jou krag en energie om jou werk te doen. So het 'n mens krag en energie nodig om as 'n kind van die Here reg te lewe.

Ons kry dit deur dit wat Jesus doen, deel te maak van ons lewens. Dan kan ’n mens die regte antwoord gee en reg optree.

Wat was die mense se reaksie? Die hele lot gaan weg, net 12 van Jesus se dissipels bly agter. Hulle hou nie van wat Jesus preek nie!

’n Ander belangrike ding wat Jesus in hierdie jaar gedoen het, was om die mense te leer dat die lewe nie ophou as ’n mens doodgaan nie, maar dat die siel bly lewe. Hy lê baie klem op die verantwoordelikheid van die mens. God spreek die woord – die mens moet God antwoord – die regte optrede! Daarom praat Hy met die inwoners van Gorasin, Betsaida en Kapernaum; hulle luister nie na God nie. Hulle hou maar aan om die verkeerde dinge te doen. Hy waarsku: Julle weet wat die regte ding is om te doen. Sodom, Gomorra, Tirus en Sidon het nie die woord van God gehoor nie. Wie God se woord gehoor het, gaan swaarder gestraf word vir hulle ongehoorsaamheid as hulle wat nie God se woord gehoor het nie. Lees dit weer in Matteus 11.

Jesus praat ook met sy dissipels. In Matteus 16 lees ons ’n baie mooi, maar ook ’n baie verskriklike ding! As Jesus vra Wie Hy is, werk die Heilige Gees in Petrus om te sê en te bely dat Jesus God is, die Verlosser, dit is reg! Dan skok Jesus hulle: Hy gaan doodgemaak word! Dan die verskriklike ding: die duiwel praat deur Petrus. Petrus wil nie hê Jesus moet sterf nie! Hoe word ons sonde vergewe? Jesus sterf en staan op. Die duiwel wil dit keer, want dan kan niemand hemel toe gaan nie! Daarom praat hy deur Petrus – en Jesus jaag die duiwel weg.

In Johannes 7 – 10 lees ons dat Jesus weer in Jerusalem was. Soveel keer sê Johannes vir ons dat die Jode Jesus wil doodmaak. Die rede is dat hulle nie wil luister na die wil van God nie.

As die einde van die tweede jaar stuur Jesus die 12 dissipels uit – nou het die dissipeltal aangegroei tot 70. Weereens stuur Jesus vir hulle uit deur die hele land. Almal moet weet wat God se wil is.

Daar is iets ander ook: Almal gaan weet dat Jesus gekruisig gaan word. Die boodskap moet reeds by almal uitkom: Jesus gaan sterf om die sonde weg te neem. As dit gebeur, moet elkeen weet hoekom dit gebeur.

Ons kyk volgende keer na Jesus se laaste sewe dae. SV

Teologiese skool: Vakke

Daar is verskillende *vakke* wat die *student* moet bemeester om 'n *dominee* te kan wees. Kom ons *deel* die vakke in vakgroepe op:

- Ou *Testament*
- *Nuwe* Testament
- Praktiese *vakke*
- Leerstellige vakke
- *Kerkreg*
- Missiologie

F	I	E	K	K	A	V	K	L	K
N	K	S	V	J	D	P	E	V	A
E	G	E	R	K	R	E	K	Y	D
W	H	T	N	E	D	U	T	S	E
U	E	H	E	E	N	I	M	O	D
N	T	N	E	M	A	T	S	E	T

3

Teologiese skool: Ou Testament

Die Ou Testament is in *Hebreeus* geskryf. Die student moet nou *hierdie* taal *aanleer* sodat wanneer hy 'n *preek* maak, hy *mooi* kan kyk hoe die woord vertaal *moet* word en die *regte* betekenis aan die gemeente verduidelik. Kyk na die *blokkie* met die opskrif: Eksegese

I	B	S	U	E	E	R	B	E	H
O	O	H	E	I	D	R	E	I	H
O	R	E	E	L	N	A	A	Y	T
M	B	E	T	G	E	R	T	E	K
E	I	K	K	O	L	B	O	R	Y
R	K	E	E	R	P	M	H	F	H

4

oplossing: blokkiesraaisel en woordsoek



oplossings: teologiese skool woordsoeke

1



2



3

4



5

6



7



8



9



10



11